**Sondag 15/9**

LEPROSIEDAG (MELAATSE)

**09:30 Erediens**

**Kategese AFSLUITNG**

**DOOPHANDJIES**

Deuroffer: Skoolverlaters

Diensbeurt: Diepgat

**Vergadering week**

**Maandag 16/9**

Jeug en Getuienis
18:00

**Woensdag 18/9**

Gemeentebediening en Eiendomme

18:00

**Sondag 22/9**

**09:30 Erediens**

Deuroffer: Magdelena Huis

**Sondag 29/9**

**BIDDAG VIR BEJAARDES**

**09:30 Erediens**

Deuroffer: Jan Kriel instituut

Erediens Solitaire - afgestel , skoolvakansie.

# DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN




## Kinderfokus:



Bring julle mannetjies of 'n foto Sondag kerk toe. Die wenner/ wenners gaan aangekondig word.

## Kom ons stap ook in trurat voorentoe.

Vroeg in die geskiedenis met Israel leer God die volk om in trurat voorentoe te loop. Hoe werk dit? Wel, God sê vir die volk wanneer hulle deur die Jordaan getrek het, nadat Hy die water oopgemaak het, om 12 klippe op te tel en op te stapel. Die klippe verteenwoordig iets van die twaalf stamme. En dan gee God die opdrag: " "As julle kinders eendag hulle pa's vra: 'Wat beteken daardie klippe?' 22moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan. 23Die Here julle God het die Jordaan se water voor julle laat opdroog sodat julle kon deurgaan, net soos Hy met die Rietsee gemaak het toe Hy dit voor ons laat opdroog het sodat ons kon deurgaan. 24Hy het dit gedoen sodat al die volke van die aarde kan besef dat die mag van die Here groot is, en sodat julle die Here julle God altyd sal dien."(Josua 4:21-24, maar julle kan die hele verhaal lees in Jos.3-4) Wat God hier doen is om ons te leer om terug te kyk na waar Hy ons gehelp en gelei het. Dan sal ons nie vergeet dat Hy ook in die toekoms sal help en lei nie. Dit sal ons help om op Hom te bly vertrou.

Die kwartaal het baie lekker dinge opgelewer en ook uitdagings. Ons het begin met `n heerlike ma en dogter naweek. Daar het ons ma`s en hul dogters lekker saam gekuier en weer besef hoe God met hulle `n pad loop. Hulle het geleer om met geloof enige probleem aan te vat en om werklik drome te droom binne God se drome vir hulle. Ma`s kan dogters se drome vlerke gee.

Ivor Swartz het ons met `n jeugweek bedien. Ons gemeente kon bruikbaar wees deur evangelisasie werk en verkondiging van die Woord by al ons skole. Ook in die aande is die gemeenskap en veral ons tieners bedien deur Ivor se getuienis. Kies die lewe, onthou dat God se storie in jou storie is, en leef met oorgawe vir Hom wat jou nooit los nie.

Die tragiese gebeurtenis by die Hoërskool het almal van ons geruk. Dit het ons weer ons eie kwesbaarheid laat besef. Ons ouers is weer opnuut herinner aan ons opvoedingstaak. Ons gemeente kon regtig in die tyd die Here dien deur hoop en liefde aan te gee aan die skool en almal daar geraak deur hartseer. Die getuienis van gelowiges wat saam tot God geroep het en mekaar ondersteun het was vir ons almal ook van waarde. Ouers wat die skool se onderwysers en veral die hoof ondersteun het, die beheerraad wat in samehorigheid met liefde en genade opgetree het, die kinders wat mekaar bly ondersteun het en die gemeenskap wat saam gestaan het. Dit is als tekens van hoe God ons nie gelos het nie. Dis bakens van hoop waarvan ons nie kan vergeet nie.

Daar was ook `n heerlike kamp die kwartaal vir ons graad 4-7s. Lekker tyd saam maats. Ook tyd waar ons bande kon bou en saam sing tot eer van God. Tyd waar elkeen kon stil raak net met sy/haar Bybel en pen. God het daar ook ons kinders spesiaal aangeraak.

Deurlopend was daar kategese. Elke klas was die Woord op `n manier aan die kinders oorgedra. Die saad is gesaai, en ons weet God sal laat groei soos Hy wil. Elke getroue kategeet se werk bou in, in jou kind of klein kind se lewe. Ons dank die Here vir die werk wat ook so Sy Koninkryk bring.

Dan die melodrama wat verseker `n opwinding verwag. Dit het reeds begin om gesprekke oor kaartjies en wie weet wat te ontlont. Dit skree uit, ons moet soms net weer lag, laf wees, en fees vier.

Die kwartaal het nog so een of twee goed wat afgehandel moet word, soos die sokkerdag by Jongensklip en die graad 7 skoolverwisselingskamp. Maar as ons so deur die kwartaal dink besef ons hoe God ons heeltyd gelei en beskerm het. Ons kan nie vir een oomblik sonder Hom nie. Die potensiaal is op die lande, die saad is gesaai. Ons is opgewonde oor wat nog voorlê vir 2024, nadat ons met sekerheid kan sê God is met ons. Dis lekker om in trurat vorentoe te gaan, terwyl ons kan terugkyk en bakens sien van God se getrouheid.

As kinders van God bid ons saam vir die volgende fase van ons Eenwording:

Ons Diensgroepe gaan vergader in die week van 16 September. Ons nooi graag van Wes Gemeentelede om deel te word van die Diensgroepe sodat julle gawes ook tot God se eer diens kan doen. Praat gerus met Erin as daar van Wes Gemeentelede is wat wil weet waar hul moet kom inval.

Die vergaderings geskied met die nodige **voorbidding** - ons as gemeente in geheel kan asb die vergaderings aan ons Here opdra vir leiding en wysheid. Ons vra ook nuwe idees oor die a anwending van geboue,finansies en mense kapitaal tot ons beskikking - ons wil as Caledon Gemeente God se hoop en liefde in Caledon aangee in elke lewensfase.

Kontak gerus die leraars of kantore vir gebed en ondersteuning en met nuwe idees in die nuwe fase van ons saamwees.

Ons kyk na die toekoms met 'n plan en doen vandag alreeds wat ons moet doen.

Die pad tot op datum:

Februarie 2022 – Dagbesture vergader gesamentlik oor groter samewerking tussen die twee gemeentes wat kan lei tot eenwording in die toekoms.

Augustus/September 2022 - Wes doen ondersoek oor hul kategese en die moontlike samesmelting van kategese met Moedergemeente.

Oktober 2022 - Wes se jeug skakel ten volle in by Moedergemeente se kategese.

Oktober 2023 - Dagbesture vergader gesamentlik oor die eenwording van die twee ge meentes. Die besluit word geneem om geleentheid te skep om oor die proses te bid.

November-Januarie 2023 – Ses gebedsgeleenthede voor Sondae se eredienste word afwis selend by die twee gemeentes gehou.

Februarie 2024 - Dagbesture vergader gesamentlik waar voorstel aan Kerkrade gemaak word om ondersoek in te stel oor eenwording.

Februarie 2024 - Kerkrade keur ondersoek goed.

Maart 2024 - ‘n Video-vergadering met die sinodale personeel oor die regsaspekte van die een wordingsproses word gehou.

Maart 2024 - Diensgroepe tree in gesprek oor voor- en nadele van eenwording.

April 2024 - Dagbesture vergader gesamentlik om die proses tot eenwording te bespreek en die diensgroepgesprekke se resultate te analiseer.

Junie 2024 – Twee gespreksgeleentehede vir gemeentelede word gehou.

Junie 2024 - Kerkrade besluit ten goede van eenwording.

Julie en Augustus 2024 - Die ooreenkoms word gesamentlik opgestel.

Augustus 2024 - Die ooreenkoms word deur beide Kerkrade goedgekeur.

15 September 2024

Preeknotas Matt.8:1-17 Jesus bring God se Koninkryk in ons midde.

Vroeg al in Jesus se bediening kondig Hy aan dat die Koninkryk van God naby gekom het.  Dit dui op die hier en nou aan.  Nie net `n verwagting in die toekoms nie.

In Matteus verduidelik Hy die Koninkryk in teorie en dan kom wys Hy dit in praktyk.

Sy koninkryk sluit vreemdes, sondaars, vyande en almal in.

Dis soveel anders as wat ons sou verwag.

Sy Koninkryk is `n ewige Koninkryk.

Ons kan nie kortsigtig wees oor dit waarmee ons nou al besig is nie.  Ons bou nou reeds.



# Voorbidding

Lohette de Wet (Freesia)

Riette Steyn (De Kuil)

James Smal (Diepgat)

Releen Swart ( Veldblom)

Kitty Louw (Fynbos)

Bennie Griessel ( Upington)

Kaai de Kock ( Meulstraat)

Barendes Groenewald (Sentrale)

Elize Botes(De Baan)




| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Anna | De Kock | 09/13 | |
| Lu-Juan | Wessels | 09/13 | |
| Weronica | Loftie-Eaton | 09/14 | 27835974948 |
| Jan | Olivier | 09/14 | 27820964449 |
| Leon | Theron | 09/14 | |
| Gerhard | Booysen | 09/15 | |
| Gerhard | Booysen | 09/15 | |
| Nelius | De Wet | 09/15 | 27827431053 |
| Johannes | Groenewald | 09/15 | 27844300266 |
| Truné | Snyman | 09/15 | 27733604777 |
| Leslie | Cowley | 09/16 | 27833488103 |
| Karen | De Kock | 09/16 | 27836030419 |
| Corne | Kemp | 09/16 | |
| Frikkie | Lubbe | 09/16 | 27829217994 |
| René-Louise | Theunissen | 09/16 | 27822250388 |
| Serelda | Bester | 09/17 | 27823320374 |
| Pieter | Crous | 09/17 | 27766500876 |
| Lize-Mari | Dowling | 09/17 | 27834771514 |
| Jano | Muller | 09/17 | 27845825769 |
| Marietjie | Visagie | 09/17 | 27835052453 |
| Karin | De Kock | 09/18 | 27833951617 |
| Alicia | Fourie | 09/18 | 27826481525 |
| Lona | Groenewald | 09/18 | |
| Zhanje | Gunter | 09/18 | |
| Hein | Human | 09/18 | |
| Riaan | Malherbe | 09/18 | 27609890068 |
| Riana | Nel | 09/18 | 27836097060 |
| Emily | Noeth | 09/18 | |
| Bennie | Griessel | 09/19 | 27726970035 |
| Elize | Wiehahn | 09/19 | 27736040520 |
| Anni | Conradie | 09/20 | 27832910572 |
| Hettie | Hattingh | 09/20 | 27726019391 |
| Karla | Hugo | 09/20 | |
| Charlene | Mouton | 09/20 | 27833507276 |
| Melissa | Steyn | 09/20 | |
| Juanine | De Wet | 09/21 | 27833759975 |
| Austin | Grant | 09/21 | 27722881923 |
| Merencia | Mc Gregor | 09/21 | 27845137645 |
| Bok | Van der Westhuizen | 09/21 | 27713661424 |
| Dirk | van Dyk | 09/21 | 27722782518 |
| Monica | Delport | 09/22 | 27728222063 |
| Hannelie | Hanekom | 09/22 | 27834605893 |
| Emily | Louw | 09/22 | |

Beste dames

Ons wil jul hartlik uitnooi om deel te raak van Caledon Kersmark. Die mark vir die gemeenskap. Kom werk saam met ons om die Kersmark weereens hierdie jaar onvergeetlik te maak. Ons benodig 'n paar ekstra hande met hierdie heerlike projek.

Daar is 'n gaatjie vir almal om te vul.

Caledon Kersmark
'n Fees van geskenke

Indien jy belangstel kontak vir:

Chrisna – 082 944 4505

Heleen – 083 477 2617

Elanza – 072469 4759

Om deel van die Caledon Kersmark te wees is 'n fees!










Enige donasies is welkom. Dankie, vir julle getroue en volhoue ondersteuning.




# Tyd spandering

## So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**